

9 Junie

2 Korintiërs 12:1-10, (Teks: 12:9)

My genade is vir jou genoeg!

Die Apostel Paulus het baie gedoen in die koninkryk van God. Hy het as Apostel die Woord in sy volle waarheid verkondig. Menslik gesproke kan ons sê dat hy baie vermag het. Kyk na al die gemeentes wat hy gestig het en kyk wat het hy ter wille van die evangelie van vrede, die verlossing in Christus, deurgemaak.

As mens kon hy dus roem en trots wees op homself. Maar die Here het dit op 'n besondere manier verhoed. Hy het vir hom 'n *doring in die vlees* gegee. Wat die doring was, weet ons nie. Wat ons wel weet, is dat dit hom nederig en afhanklik van die Here gehou het. Die doring kon dalk een van die volgende wees: malaria, epilepsie, 'n spraakgebrek of die agtervolging deur die valse leraars.

Paulus het volhard in die gebed en gebid dat die Here tog hierdie probleem wat so seermaak sal wegneem. Die Here antwoord egter: MY GENADE IS VIR JOU GENOEG! Die Here neem nie die doring weg nie. Nee, Hy gee genade.

Ons lewenspad is dikwels ook vol dorings, dorings wat baie seermaak. Dorings wat ons, in ons oë, kniehalter. Wat is die doring in u lewe? Bid u daarvoor? Wel, dit is hoe ons dit moet hanteer: Bid en werk. Bid dat as dit die wil van die Here is, Hy die doring sal wegneem. Bid, dat as dit die wil van die Here is, die doring bly, dat u dit kan hanteer, dat u dit kan verwerk, dat u wysheid sal ontvang hoe om die pad te loop met die doring in u lewe.

Onthou egter elke oomblik: **O HERE, U GENADE IS VIR MY GENOEG!** Sy genade is nie te min nie en ook nie te veel nie, net genoeg. Bo alles, die genade wat ons in en deur Christus ontvang, is verlossing. Verlossing van my sondes en my tekortkominge. Weet egter, eendag, wanneer Jesus Christus weer kom, dan sal hy ook die doring vir altyd uit u lewe haal.

Sing: Skrifberyming 10:1,2

Ds. J. van Schaik (Ermelo)